2020 Horison Sorgsentrum, 'n plekkie in die son!

is 'n stimulasie- en versorgingsentrum vir erg en uitermatig gestremde kinders. Almal het breinskade en party is ook liggaamlik gestremd en / of blind. Die sentrum is uniek vanweë die feit dat daar voorsiening gemaak word vir kinders van alle ouderdomme wat onopleibaar gestremd is. Die sentrum is in 1980 gestig met die doel om dagsorg en terapeutiese dienste aan die spesiale kinders te verskaf. Die sentrum kan 40 kinders en 12 personneellede akkommodeer. Tans is daar 8 personeel en 25 kinders.

het al 'n jarelange verbindtenis met HSS en verskeie suksesvolle projekte is al daar afgehandel.

Tydens die afgelope inperking (agv Covid 19) is die skool uiteraard gesluit. Na gesprekvoering met Rina (Skoolbestuurder) is vasgestel dat hul dringend skoonmaakmiddels benodig om die skool asook die 3 bussies, wat gebruik word om die kinders te vervoer, te ontsmet. Hierdie proses moet deurlopend herhaal word. Bestuur het dit dus goedgedink om die donasies wat ge-in is, te skenk om dus die skoolbestuur in staat te stel om aan hierdie regulasies te voldoen sodra hul mag open. Sodoende is 'n bedrag van R 2 281.48 oorbetaal en met groot dank aanvaar.

Ons wens Rina en die personeel baie sterkte toe met wat op hul wag.

Baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig bygedra het tot hierdie spesiale hulp.

Groete

Tjaart / 082 785 6895

29 Junie 2020.